



# Nalibali

It starts with a story...

## Book talk

**Reading stories to children is a wonderful way to relax and spend time with them, but reading aloud also gives us opportunities to talk to our children about books.**

In fact, talking to children about books is just as important as reading the words to them! Through discussing the pictures, characters and what is happening in a story, children learn about how books work and how to explore them. Rather than trying to "teach" your children, just let the conversation flow naturally as you enjoy a book together. Here are a few ideas for helping that conversation along. Select ones that fit best with the book you are reading. And remember that the idea is always to explore books together rather than to "test" your children's understanding of what you have read.

- **Learning to predict.** Being able to guess what comes next as you read, is a skill that competent readers use all the time. As you read a story with your children, develop their prediction skills by asking, "What do you think will happen next?" at different points in the story.
- **Responding to questions.** Young children often ask, "Why?" You can either answer their questions by sharing your ideas ("I think it is because..."), or you can ask, "Why do you think...?"
- **Sharing opinions and ideas.** As you read together say what you think and ask your children what they think too. This helps them learn how to approach books.

- **Paying attention to detail.** Encourage children to look carefully and enjoy the illustrations in picture books. Draw their attention to different parts of the illustration on a page, comment on it yourself and ask them too. Ask younger children to find particular people or objects in the pictures. Draw their attention to the size of a large or small word on the page, or the interesting sound a word makes as you say it. With older children, talk about why the author might have chosen a particular word.
- **Connecting with stories.** Many stories focus on how characters deal with challenges that life sends their way. It is powerful for children to relate these things to their own lives. Encourage them to make strong connections by saying something like, "This story reminds me of how important it is to treat people well. What does it remind you of?"



Hope

For more ideas about how to talk to child about books, visit "Tips and Topics" on [www.nalibali.org](http://www.nalibali.org) or [www.nalibali.mobi](http://www.nalibali.mobi).

We will be taking a break until the week of **14 October**. Join us then for more Nalibali reading magic!

Ons neem 'n blaaskans tot en met die week van **14 Oktober**. Sluit dan weer by ons aan vir meer Nalibali-leesgenot!

## Boekpraatjies

**Om vir kinders stories te lees is 'n wonderlike manier om te ontspan en tyd saam met hulle deur te bring, en dit gee ons ook geleenthede om met ons kinders oor boeke te gesels.**

Dit is trouens net so belangrik om met kinders oor boeke te gesels as om die woorde vir hulle te lees! Deur die prente, karakters en dit wat in 'n storie gebeur met kinders te bespreek, leer hulle hoe boeke werk en hoe om boeke te verken. Eerder as om te probeer om jou kinders te "leer", laat die gesprek liever natuurlik vloei terwyl julle 'n boek saam geniet. Hier volg 'n paar idees om die gesprek aan te help. Kies dié wat die beste pas by die boek wat jy lees. En onthou, die idee is altyd om boeke saam te *verken*, eerder as om jou kinders se begrip van dit wat jy gelees het te "toets".

- **Leer om te voorspel.** Om te kan raai wat volgende gaan gebeur terwyl jy lees, is 'n vaardigheid wat bevoegde lesers die heeltid gebruik. Ontwikkel jou kinders se voorspellingsvaardighede terwyl jy 'n storie saam met hulle lees deur by verskillende plekke in die storie te vra: "Wat dink julle gaan volgende gebeur?"
- **Reageer op vrae.** Jong kinders vra dikwels, "Hoekom?" Jy kan óf hulle vrae beantwoord deur jou idees te deel ("Ek dink dit is omdat ..."), óf jy kan vra: "Hoekom dink julle ...?"

- **Deel opinies en idees.** Terwyl julle saam lees, sê wat jy dink en vra jou kinders ook wat hulle dink. Dit help hulle om te leer hoe om boeke te benader.
- **Gee aandag aan besonderhede.** Moedig kinders aan om goed na die illustrasies in prentebouke te kyk en dit te geniet. Vestig hulle aandag op die verskillende dele van die illustrasie op 'n bladsy, lewer self kommentaar en vra ook hulle mening. Vra jonger kinders om spesifieke mense of voorwerpe in die prente te vind. Vestig hulle aandag op die grootte van 'n groot of klein woord op die bladsy, of die interessante klank wat 'n woord maak wanneer jy dit uitspreek. Praat met ouer kinders oor waarom die skrywer dalk 'n spesifieke woord gekies het.
- **Vorm 'n band met stories.** Baie stories fokus op hoe karakters uitdagings wat die lewe na hulle kant toe stuur, hanteer. Jou kinders kan hierdie dinge in verband bring met hulle eie lewens. Moedig hulle aan om verbande te trek deur iets soos die volgende te sê: "Hierdie storie herinner my aan hoe belangrik dit is om mense goed te behandel. Waaraan herinner dit jou?"

Vir meer idees oor hoe om met kinders oor boeke te gesels, besoek "Tips and Topics" by [www.nalibali.org](http://www.nalibali.org) of [www.nalibali.mobi](http://www.nalibali.mobi).



Neo

### Inside this edition:

- A cut-out-and-keep book to celebrate International Day of Peace on 21 September (pages 3 to 6).
- A card for a grandparent to celebrate Older Persons' Day on 1 October (page 7).


### In hierdie uitgawe:

- 'n Knip-uit-en-bêreboekie om Internasionale Vredesdag op 21 September te vier (bladsy 3 tot 6).
- 'n Kaartjie vir 'n ouma of oupa om Internasionale Dag vir Ouer Persone op 1 Oktober te vier (bladsy 7).



Drive your imagination

Read to me. Explore a story.  
Lees vir my. Verken 'n storie.





Drive your imagination

## Story stars

### The Reading Gogos of Daveyton



The Reading Gogos are a group of volunteers who visit four schools in Daveyton to read to the children. We asked Kathy Cromer-Wilson, who helps to run the programme, about the Reading Gogos.

#### How did the Reading Gogos start?

The Ekufundzeni Trust launched a mobile library in 1992. One day, one of the library's volunteers started reading to a Grade 1 class at Daveyton Intermediate School. She was a hit and now there are 48 Reading Gogos – although not all of them are elderly grannies!

#### What do the gogos do?

At first, the gogos just read to the children. Now, the sessions also include singing, dancing, playing games, and doing arts and crafts.

#### Why have they decided to become Reading Gogos?

The main reason is because they want to improve the lives of children and increase their opportunities as adults. Some are responding to Nelson Mandela's suggestion that we give back to our communities.

#### What difference has the programme made?

We have seen how reading to children breaks down barriers. The feedback from the schools has also been remarkable. They say that the number of children absent on the days the gogos visit, has come right down because the children love the story sessions! Some parents want to move their children into these schools so that they can be part of the programme.

#### What are your plans for the future?

Our main aim is to get more Reading Gogos so that we can go to all the schools that beg to become part of the programme.

#### What would you say to someone wanting to start a reading club or programme?

Do not be afraid to make a start. All you need is the passion to pass on your knowledge to children, and the children will reward you with their love, hugs and lots of laughter!



Pic: Phamuel Mnguni

## Storiesterre

### Die Lesende Gogo's van Daveyton

Die Lesende Gogo's is 'n groep vrywilligers wat vier skole in Daveyton besoek om vir die kinders te lees. Ons het vir Kathy Cromer-Wilson, wat help om die program te bestuur, uitgevra oor die Lesende Gogo's.

#### Hoe het die Lesende Gogo's ontstaan?

Die Ekufundzeni Trust het in 1992 'n reisende biblioteek ingestel. Op 'n dag het een van die biblioteek se vrywilligers vir 'n Graad 1-klas by die intermediêre skool op Daveyton begin lees. Sy was 'n treffer, en nou is daar 48 Lesende Gogo's – al is nie almal van hulle bejaarde oumas nie!

#### Wat doen die gogo's?

Aanvanklik het die gogo's net vir die kinders geles. Nou sluit die sessies ook sang, dans, speletjies, kuns en handwerk in.

#### Hoekom het hulle besluit om Lesende Gogo's te word?

Die hoofrede is omdat die gogo's die lewens van kinders wil verbeter, en vir hulle meer geleenthede as volwassenes wil skep. Sommige van die gogo's reageer op Nelson Mandela se voorstel dat ons moet teruggee aan ons gemeenskappe.

#### Watter verskil het die program gemaak?

Ons het gesien hoe mure afgebreek word wanneer ons vir kinders lees. Die terugvoering van die skole was ook verstommend. Hulle sê die aantal kinders wat afwesig is op die dae wanneer die gogo's kom kuier, het baie gedaal, omdat die kinders gek is oor die storiesessies! Sommige ouers wil hulle kinders na hierdie skole stuur sodat hulle deel kan wees van die program.

#### Wat is julle toekomsplanne?

Ons hoofdoel is om meer Lesende Gogo's te kry sodat ons al die skole kan besoek wat ons smee om deel te word van die program.

#### Wat sal jy vir iemand sê wat 'n leesklub of -program wil begin?

Moenie bang wees om te begin nie. Al wat jy nodig het, is die passie om jou kennis aan die kinders oor te dra, en die kinders sal jou met hulle liefde, drukkies, en gelag beloon!

Across the country, individuals and organisations are finding ways to make reading and writing part of children's daily lives. To say thank you, our featured **Story Stars** will receive meal vouchers\* courtesy of **Wimpy** to enjoy with the children in whose lives they are making a difference.

\* For terms and conditions that apply, go to [www.nalibali.org/story-stars](http://www.nalibali.org/story-stars).



Oor die hele land heen vind individue en organisasies maniere om lees en skryf deel te maak van kinders se daaglikse lewens. Om dankie te sê sal ons **Storiesterre** wat in die bylae verskyn maaltydbewyse\* met vergunning van **Wimpy** ontvang sodat hulle dit kan geniet saam met die kinders in wie se lewens hulle 'n verskil maak.

\* Vir die bepalings en voorwaardes wat geld, gaan na [www.nalibali.org/story-stars](http://www.nalibali.org/story-stars).

### Nal'ibali on radio!

Enjoy listening to stories in Afrikaans and in English on Nal'ibali's radio show:

X-K FM on Monday to Wednesday from 9.00 a.m. to 9.15 a.m.

SFfm on Monday, Wednesday and Friday from 1.50 p.m. to 2.00 p.m.



### Nal'ibali op die radio!

Geniet dit om in Afrikaans en Engels op Nal'ibali se radioprogram na stories te luister:

X-K FM van Maandag tot Woensdag vanaf 9.00 vm. tot 9.15 vm.

SFfm op Maandag, Woensdag en Vrydag vanaf 1.50 nm. tot 2.00 nm.

### Create your own cut-out-and-keep book

1. Take out pages 3 to 6 of this supplement.
2. Fold it in half along the black dotted line.
3. Fold it in half again.
4. Cut along the red dotted lines.

### Maak jou eie knip-uit-en-bêreboekie

1. Haal bladsye 3 tot 6 van hierdie bylae uit.
2. Vou dit op die swart stippellyn.
3. Vou dit weer in die helfte.
4. Sny dit uit op die rooi stippellyne.



Gevind langs die liggaam van 'n Joodse kind in 'n Duitse konsentrasiekamp, 1945.

Maar moenie net onthou hoe hulle ons laat ly het nie, onthou water vrugte ons danky daardie lyding gedra het: ons kameradskap, ons lojaliteit, ons nederigheid, die moed, die vrygewigheid, die grootheid van hart wat hieruit gekom het. En wanneer hulle geoordeel moet word, laat al die vrugte wat ons gedra het hulle vergifnis wees. Amen. Amen. Amen.

Maar moenie net dink aan die mans en vroue wat vir ons goed is nie, maar ook aan dié wat ons kwaadgesind is.

Heer, moenie net dink

*Vergifnis is 'n belangrike stap in die soeke na vrede. As ons mekaar eers vergewe het, het ons geen verdere rede om oorlog te voer nie. Hierdie gebed vind redes om ander te vergewe, selfs wanneer mense vreeslike dinge aan ons gedoen het.*



Found next to the body of a Jewish child in a German concentration camp, 1945.

Lord, remember not only the men and women of goodwill, but also those of suffering they have inflicted on us, remember the fruits we bore thanks to this suffering: our comradeship, our loyalty, our humility, the courage, the generosity, the greatness of heart which has grown out of all of this. And when they come to judgement let all the fruits which we have borne be their forgiveness. Amen. Amen. Amen.

But do not remember the suffering they have inflicted on us, remember the fruits we bore thanks to this suffering: our comradeship, our loyalty, our humility, the courage, the generosity, the greatness of heart which has grown out of all of this. And when they come to judgement let all the fruits which we have borne be their forgiveness. Amen. Amen. Amen.

*An important step to peace is forgiveness. Once we have forgiven each other, we no longer have a reason to fight. This prayer finds reasons to forgive, even when people have done terrible things to us.*

# Let there be peace

## Gee ons vrede


*Let there be peace* is from the SONGOLOLO list – a range of books celebrating both the common and diverse interests and experiences in childhood, featuring stories from Africa and beyond.

Shuter & Shooter Publishers acquired the award-winning children's picture book imprint, SONGOLOLO in 2008. SONGOLOLO is a quality list, featuring books by some of South Africa's foremost authors and illustrators, including Niki Daly, Gcina Mhlophe, Joan Rankin and Jude Daly. The list features several bestsellers, including Niki Daly's *Mama, Papa and Baby Joe*, and Joan Rankin's *Wow! It's Great Being a Duck* and other numerous award-winning titles. For further information, visit [www.shuters.com](http://www.shuters.com)




SONGOLOLO

Nal'ibali is a national reading-for-enjoyment campaign to spark children's potential through storytelling and reading. For more information, visit [www.nalibali.org](http://www.nalibali.org) or [www.nalibali.mobi](http://www.nalibali.mobi)



Nal'ibali is 'n nasionale lees-vir-genot veldtog wat kinders se potensiaal help ontwikkel deur middel van lees en die vertel van stories. Vir meer inligting, besoek [www.nalibali.org](http://www.nalibali.org) of [www.nalibali.mobi](http://www.nalibali.mobi)



Jeremy Brooks  
Jude Daly





If there is to be peace in the world,  
There must be peace in the nations.

If there is to be peace in the nations,  
There must be peace in the cities.

If there is to be peace in the cities,  
There must be peace between neighbours.

If there is to be peace between neighbours,  
There must be peace in the home.

If there is to be peace in the home,  
There must be peace in the heart.

Written over 2 500 years ago by Lao-Tzu,  
founder of Taoism, China.

Daar kan net vrede in die wêreld wees,  
As daar vrede in die nasies is.

Daar kan net vrede in die nasies wees,  
As daar vrede in die stede is.

Daar kan net vrede in die stede wees,  
As daar vrede tussen bure is.

Daar kan net vrede tussen bure wees,  
As daar vrede in die huis is.

Daar kan net vrede in die huis wees,  
As daar vrede in die hart is.

Meer as 2 500 jaar gelede geskryf deur Lao-Tzu,  
stigter van Taoïsme, China.



Gee ons vrede op aarde, en laat dit by my begin.  
Gee ons vrede op aarde, die vrede wat vir ons bedoel is!  
Met God as ons Skepper, is ons almal familie;  
Laat ons dan in perfekte harmonie saamstap.

Laat die vrede by my begin, en laat dit nou gebeur.  
Laat ek met elke tree, in alles wat ek doen daarna streef;  
Om elke oomblik en elke dag, vir ewig in vrede leef!  
Gee ons vrede op aarde, en laat dit by my begin!

Geskryf deur Sy Miller en Jill Jackson, Noord-Amerika.

Geskryf deur Aartsbiskop Desmond Tutu, wat gehelp het  
om vrede in Suid-Afrika te bring.

ons sal oorwin deur Hom wat ons liefhet.

Gloedheid is sterker as kwaad,  
Liefde is sterker as haat,  
Lig is sterker as die donker;

Written by Archbishop Desmond Tutu, who helped to  
bring peace to South Africa.

victory is ours through Him who loves us.

Gloedness is stronger than evil,  
Love is stronger than hate,  
Light is stronger than darkness;

When we hear the news,  
sometimes the bad things in  
the world seem stronger than  
the good. This prayer reminds  
us that good can still triumph  
over bad.

Wanneer ons na die nuus

luister, klink dit soms asof daar


meer slegte as goeie dinge

in die wêreld gebeur. Hierdie

gebed herinner ons daaraan

dat die goeie steeds die slegte

kan oorwin.





Fold

Deel van 'n gebed deur sint Fransiskus van Assisi, wat probeer het om in vrede met die hele skepping, insluitend die voëls en diere, te leef.

Waar daar droefheid is, vreugde.  
 Waar daar duisternis is, lig.  
 Waar daar wanhoop is, hoop.  
 Waar daar twyfel is, geloof.  
 Waar daar ommin is, insig.  
 Waar daar onreg is, vergifnis.  
 Waar daar haat is, laat my liefde saai.

**H**ere, maak my 'n instrument van U vrede.

Part of a prayer written by Saint Frances of Assisi, who tried to live at peace with the whole of creation, including birds and animals.

Where there is sadness, joy.  
 Where there is darkness, light.  
 Where there is despair, hope.  
 Where there is doubt, faith.  
 Where there is discord, vision.  
 Where there is injury, pardon.  
 Where there is hatred, let me sow love.

**L**ord, make me an instrument of your peace.



Let there be peace on Earth and let it begin with me.  
 Let there be peace on Earth, the peace that was meant to be!  
 With God our creator, family all are we;  
 Let us walk with each other in perfect harmony.

Let peace begin with me. Let this be the moment now.  
 With every step I take, let this be my solemn vow;  
 To take each moment and live each moment in peace eternally!  
 Let there be peace on Earth and let it begin with me!

Written by Sy Miller and Jill Jackson, North America.



Fold

Gebed van Inheemse Amerikaners, deur Alycia Longriver.

Skeppler, open ons harte om alle kinders van die aarde om te sien en hulle te beskerm. Skeppler, open ons harte om die aarde, en al die gawes van die aarde, te respekteer. Skeppler, open ons harte om verdelidheid, geweld en vrees onder alle mense te beëindig. Dankie vir die gawes wat ons vandag en elke dag ontvang.

Native American prayer by Alycia Longriver.

Creator, open our hearts to all children of the earth. Provide and protect for all children of the earth. Creator, open our hearts to respect for the earth, and all the gifts of the earth. Creator, open our hearts to end division, violence, and fear among all. Thank you for the gifts of this day and every day.

Creator, open our hearts to peace and healing between all people.



Living in peace does not just mean that we do not fight against other people. We also need to live in peace with our world and look after it properly. The following prayers remind us to do this.

Om in vrede te leef, beteken nie net dat ons nie teen ander mense oorlog voer nie. Ons moet ook in vrede met ons wêreld leef, en goed daarna omsien. Die volgende gebede herinner ons daaraan.



The world was not left to us by our parents. It was lent to us by our children.

Traditional prayer, Africa.

Ons ouers het nie die wêreld vir ons nagelaat nie. Ons kinders het dit vir ons geleen.

Tradisionele gebed, Afrika.

Written by Gobind Singh, Tenth Guru of Sikhism, India.

God! Raise aloft the banner of the oneness of mankind. Recognise all people as one. *All religions have differences, but there are also things they have in common. The following prayers emphasise the things we share, rather than the ways we differ.*



Alle godsdienste verskil, maar daar is ook dinge wat ons gemeen het. Die gebede wat volg, beklemtoon die dinge wat ooreenstem, eerder as die maniere waarop ons verskil.

God! Verhoog die banier van eenheid van die mensdom.

Baha'i-gebed, Iran.

Erken alle mense as een.

Geskryf deur Gobind Singh, Tiende Ghoeroe van Sikhisme, Indië.

## Get story active!

Some of the words in this week's cut-out-and-keep book, *Let there be peace*, may be difficult for younger children to understand. As you read the book together, explain the meaning of the words they don't understand. Use the pictures to help you.

After you and your children have read *Let there be peace*, try out some of these ideas.

- Draw your children's attention to the details in the illustrations. Let them talk about what they notice. Encourage them to link what's in the pictures to the meaning of the prayers.
- Let your children write their own peace poems or prayers and then illustrate them. If they write poems, they may wish to use the letters of the word, "peace" as the first letter of each line of their poem. Here is an example:

**P**ut love for others first  
**E**ven if you are cross with them  
**A**lways be kind and  
**C**are about others because we are all  
**E**qual.

*Alyssa Martin, 9 years old*



## Raak doenig met stories!

Sommige van die woorde in hierdie week se knip-uit-en-bêreboekie, *Gee ons vrede*, kan moeilik wees vir jonger kinders om te verstaan. Verduidelik die betekenis van die woorde wat hulle nie verstaan nie terwyl julle die boek saam lees. Gebruik die prente om jou te help.

Probeer sommige van hierdie idees nadat jy en jou kinders *Gee ons vrede* saam gelees het.

- Vestig jou kinders se aandag op die besonderhede in die illustrasies. Laat hulle praat oor dit wat hulle raaksien. Moedig hulle aan om dit wat in die prente is in verband te bring met die betekenis van die gebede.
- Laat jou kinders hulle eie vredesgedigte of -gebede skryf en illustreer. As hulle gedigte skryf, kan hulle dalk die letters van die woord, "vrede" as die eerste letter van elke reël van hulle gedig gebruik. Hier volg 'n voorbeeld:

**V**ir alle mense moet ons  
**R**espek hê  
**E**ers dan kan ons  
**D**ie wêreld 'n beter plek maak  
**E**ers dan sal daar vrede wees.

*Martin Smit, 9 jaar oud*

## Celebrating our grandparents!

Each year on 1 October, we celebrate Older Persons' Day. You can recognise the important role that older people play in your life by following the instructions below to make a card for your grandparents.

### Make a card

1. Cut out the card by cutting along the red line.
2. Fold the card along the dotted black line.
3. Glue the two parts together.
4. On the side with the picture, write a message to the grandparent/s you will give the card to. Colour in the picture.
5. On the other side, draw a picture of you and this person together, or write a poem or longer message.



## Vier ons grootouers!

Elke jaar op 1 Oktober vier ons Internasionale Dag vir Ouere Persone. Jy kan die belangrike rol wat ouere mense in jou lewe speel, erken deur die instruksies te volg en 'n kaartjie vir jou grootouers te maak.

### Maak 'n kaartjie

1. Knip die kaartjie uit deur op die rooi lyn langs te knip.
2. Vou die kaartjie op die swart stippellyn.
3. Plak die twee dele aan mekaar vas.
4. Skryf 'n boodskap aan die grootouer/s vir wie jy die kaartjie wil gee aan die een kant. Kleur die prentjie in.
5. Teken 'n prentjie van jou saam met hierdie persoon of skryf 'n gedig of langer boodskap op die ander kant.



## Story corner

Here is the final part of the story about a young girl who loved the wind. Enjoy reading it aloud or telling it!

### Thembela in the wind (Part 2)

by Leo Daly

But Thembela doesn't listen because she's having too much fun. She laughs as the wind blows through her raincoat and fills up her hood like a big balloon. "If I lift my arms," she giggles, "I could fly!"

Then Aunt Ida runs out in her pink dressing gown and carries Thembela back inside. "No one likes the wind," says Aunt Ida. "It's loud and it's cold and it's just not nice."

When Aunt Ida comes to tuck her in, Thembela asks for the curtains to be opened so that she can watch the trees sway and the clouds sail by. But Aunt Ida says, "No! Definitely no, and no again!" She closes the curtains. "Now let's just hope the house doesn't float away with all this rain," says Aunt Ida with a shiver.

Thembela hears the boom of thunder and the drumming of rain on the roof. Now the wind blows on the walls. It knocks on the door and rattles the windows. It howls down the chimney and gives Aunt Ida such a fright that she hides behind the couch. The roof creaks and the floorboards squeak and the trees whistle loudly.

Aunt Ida cries out, "Oh dear, we're all going to blow away!" But Thembela is not afraid. She jumps out of bed and runs downstairs. Quickly she pulls on her gumboots and grabs her umbrella, and then bravely she marches outside. The wind is howling and rolling and the rain is falling and thunder claps in the sky.

"It's me, Wind," says Thembela. "Why are you so angry? Do you really think that no one likes you? Now don't be silly. You're loud and you're cold, but you're so much fun – and I like you. I LIKE YOU WIND!"

Suddenly, the thunder stops and all the dark clouds are chased away. And in no time the rain has disappeared. When Thembela looks up, she sees that the sky is clear. The moon is full and all the stars are shining. Now the wind blows gently all around her, lifting up her umbrella and softly kissing her cheeks.

"Thank you, Wind," says Thembela. "Thank you for chasing the rain away."

Then Thembela turns around and walks back inside. She helps Aunt Ida up from behind the couch and makes her a warm cup of tea.

"Oh my," says Aunt Ida, "I don't like the wind at all." But Thembela just smiles.

**Tell us if you liked the story, *Thembela in the wind* – SMS "Bookmark" with your name and your comments to 32545. R1,00 per SMS.**

## Storiehoekie

Hier volg die laaste deel van die storie oor 'n jong meisie wat baie van die wind gehou het. Geniet dit om dit hardop te lees of te vertel!

### Thembela in die wind (Deel 2)

deur Leo Daly

Maar Thembela luister nie, want sy het te veel pret. Sy lag wanneer die wind deur haar reënjas waai en haar kappie soos 'n groot ballon laat uitbol. "As ek my arms oplig," giggel sy, "kan ek vlieg!"

Toe hardloop Tant Ida in haar pienk nagrok buitentoe en dra Thembela binnetoe. "Niemand hou van die wind nie," sê Tant Ida. "Dit waai hard en dis koud en dit is nie lekker nie."

Toe Tant Ida vir haar kom nagsê, vra Thembela haar om die gordyne oop te trek sodat sy kan sien hoe die bome in die wind wieg en die wolke verbyseil. Maar Tant Ida sê: "Nee! Beslis nie, en weer eens nie!" Sy trek die gordyne toe. "En kom ons hoop nou net die huis spoel nie weg met al hierdie reën nie," sê Tant Ida bibberend.

Thembela hoor die donderslae en sy hoor hoe die reën op die dak neerhamer. Nou waai die wind teen die mure aan. Dit slaan teen die deur en ratel teen die vensters. Dit huil in die skoorsteen af en maak Tant Ida so bang dat sy agter die rusbank wegkruip. Die dak kraak en die vloerplanke piep en die bome fluit hard.

Tant Ida roep uit: "O toggie, ons gaan almal wegwaai!" Maar Thembela is nie bang nie. Sy spring uit die bed en hardloop met die trappe af. Sy trek vinnig haar reënstewels aan en gryp haar sambreel, en dan stap sy dapper buitentoe. Die wind huil en blaas en die reën stort neer en die donderslae en weerligstrale klap.

"Dis ek, Wind," sê Thembela. "Hoekom is jy so kwaad? Dink jy regtig niemand hou van jou nie? Moenie laf wees nie. Jy waai hard en jy is koud, maar jy is soveel pret – en ek hou van jou. EK HOU VAN JOU, WIND!"

Skielik raak die donderslae stil en al die donker wolke waai weg. En soos blits hou dit op met reën. Toe Thembela opkyk, sien sy dat die lug helder is. Die maan is vol en al die sterre skyn. Nou waai die wind liggies om haar, lig haar sambreel op en soen haar saggies op die wang.

"Dankie, Wind," sê Thembela. "Dankie dat jy die reën weggewaai het."

Toe draai Thembela om en stap weer binnetoe. Sy help Tant Ida om agter die rusbank op te staan en maak vir haar 'n koppie warm tee.

"O tog," sê Tant Ida, "ek hou glad nie van die wind nie." Maar Thembela glimlag net.

**Vertel vir ons of jy van die storie, *Thembela in die wind* gehou het – SMS "Bookmark" met jou naam en kommentaar na 32545. R1,00 per SMS.**



Illustration by Magriet Brink  
Illustrasie deur Magriet Brink

### In your next Nal'ibali supplement:

- The importance of sharing books with children
- Story Stars: Sparking an interest in reading in the Eastern Cape
- A cut-out-and-keep book, *How zebras got their stripes*
- The first part of the story, *Vusi and Sinazo*

We will be taking a break until the week of 14 October. Can't wait until then for more reading and story tips, stories and inspirational ideas? Visit [www.nalibali.org](http://www.nalibali.org) or [www.nalibali.mobi](http://www.nalibali.mobi).



Find us on Facebook:  
[www.facebook.com/nalibaliSA](http://www.facebook.com/nalibaliSA)  
Vind ons op Facebook:  
[www.facebook.com/nalibaliSA](http://www.facebook.com/nalibaliSA)

### In jou volgende Nal'ibali-bylae:

- Hoekom dit belangrik is om boeke met kinders te deel
- Storiesterre: Prikkel 'n belangstelling vir lees in die Oos-Kaap
- 'n Knip-uit-en-bêreboekie, *Hoe sebras hulle strepe gekry het*
- Die eerste deel van die storie, *Vusi en Sinazo*

Ons sal 'n blaaskans neem tot en met die week van 14 Oktober. Kan nie wag tot dan vir meer lees- en storiewenke, stories en inspirerende idees nie? Besoek [www.nalibali.org](http://www.nalibali.org) of [www.nalibali.mobi](http://www.nalibali.mobi).

